Publication: Beeld (Uitgawe 1)
Date: Monday, June 07, 2021
Page: 5




Patricia de Lille

# De Lille 'voel beter en is in goeie luim'

Patricia de Lille, minister van openbare werke en infrastruktuur, rus en isoleer nadat sy Vrydag positief vir die koronavirus Sars-CoV-2 getoets is.

"Dit gaan goed met die minister," het haar woordvoerder, Zara Nicholson, gister by navraag gesê.

"Sy is in 'n goeie luim en voel aansienlik beter as die vorige twee dae."

De Lille het gisteroggend op Twitter gesê sy het haar Vrydag laat toets nadat sy simptome getoon het. Volgens die twiet het sy haarself ingevolge Covid-19-regulasies geïsoleer en almal wat in kontak met haar was, ingelig om dieselfde te doen.

Volgens Nicholson is De Lille tans in isolasie in haar huis in Kaapstad. Sy sê De Lille gaan waarskynlik nog tot volgende week in isolasie wees.

"Die minister rus tans en sluk baie vitamiene, maar ons sorg terselfdertyd dat die departement se werk op datum bly."

Sy sê De Lille doen 'n beroep op mense om die protokolle vir Covid-19 na te kom, soos om maskers in die openbaar te dra, 'n gesonde afstand te handhaaf en gereeld hande te was en te ontsmet.

"Die minister vra dat mense hulself veilig hou en nie hul waaksaamheid verslap nie," sê sy.

Talle mense het op Facebook De Lille spoedige beterskap toegewens.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.